(xi) "wysiging", met betrekking tot 'n polis, enige wysiging van die premies of voordele van die polis, met uitsluiting van enige periodieke wysiging ingevolge 'n kontraktueel vasgestelde inflasiegekoppelde formule, of andersins ingevolge vaste kontraktueel vasgestelde bepalings.

OOGMERK VAN DIE REËLS

2. Die oogmerke van openbaarmakings bedoel in hierdie Reëls is om 'n polishouer in staat te stel om ingeligte besluite met betrekking tot korttermynversekeringsprodukte te neem, en om te verseker dat die betrokke partye besigheid op billike wyse dryf en met behoorlike sorg en vlyt.

DEEL II

REËLS OOR OPENBAARMAKING

3. Beginsels van openbaarmakings

3.1 Die volgende is van toepassing op openbaarmaking beoog in hierdie Reëls:

- (a) Die onafhanklike tussenganger of versekeraar, soos toepaslik, dra die las om te bewys dat 'n openbaarmaking gedoen is.
- (b) Openbaarmaking moet in eenvoudige taal gedoen word en gestruktureer word om maklike begrip te bevorder en onsekerheid of verwarring te voorkom. Enige skriftelike of gedrukte openbaarmakings, met inbegrip van

enige polis of poliswysiging wat aan polishouers uitgereik mag word, moet in 'n duidelike en leesbare lettergrootte, spasiëring en formaat uitgereik word.

- (c) Openbaarmaking moet op 'n geskikte tyd gedoen word en mag skriftelik, mondeling, met gebruikmaking van enige geskikte elektroniese medium of by telefaks gedoen word.
- (d) 'n Versekeraar of onafhanklike tussenganger, soos toepaslik, moet verseker dat hulle enige openbaarmaking aan die polishouer skriftelik bevestig, indien mondeling gedoen, binne 30 dae na sodanige openbaarmaking.
- (e) Openbaarmakings hoef nie gedupliseer of herhaal te word aan dieselfde polishouer nie tensy daar verandering is aan premies, gelde, bybetalings of 'n verandering aan die polisvoorwaardes en -voordele wat die polishouer sal raak, of die beoogde transaksies dit wenslik of nodig maak.
- (f) Openbaarmakings kan geldiglik gedoen word met gebruikmaking van standaardvoms of -formaat.
- (g) Waar rekords van openbaarmakings ingevolge hierdie Reëls vereis word om gehou te word, mag sodanige rekords skriftelik of met gebruikmaking van enige geskikte elektroniese medium gehou word.

4. Verpligte openbaarmakings

4.1 'n Onafhanklike tussenganger moet, by die aanvang van besigheid met 'n polishouer met betrekking tot 'n versekeringstransaksie, verseker dat minstens die volgende openbaarmakings, waar toepaslik, een maal skriftelik aan die polishouer gedoen word en, waar mondeling gedoen, skriftelik bevestig word:

- (a) die Statutêre Kennisgewing soos beoog in Deel VII moet sonder enige wysiging gegee word behalwe vir besonderhede wat ingevolge die Statutêre Kennisgewing verskaf word;

- (b) volle name, titels en benamings van onafhanklike tussengangers, pos- en fisiese adresse van die onafhanklike tussengangers se hoofkantore en betrokke dienskantore; telefoniese en elektroniese kommunikasiebesonderhede van kontakpersone;
- (c) regstatus van die onafhanklike tussenganger; bevestiging van die kontraktuele verhouding met die versekeraar of verskillende versekeraars; openbaarmaking van die feit dat die onafhanklike tussenganger regstreeks of onregstreeks meer as 10% van die versekeraar se aandele hou (indien wel); meer as 30% van sy totale kommissie en vergoeding gedurende die voorafgaande jaar van 'n bepaalde versekeraar verkry het (indien wel); of 'n geassosieerde maatskappy van die versekeraar is (indien toepaslik);
- (d) of hulle professionele indenniteitsversekering hou of nie;
- (e) besonderhede van vereiste eisaanmeldingsprosedures; en
- (f) die bedrag van die vergoeding vermeld in artikel 48 van die Wet wat aan die onafhanklike tussenganger toekom ten opsigte van die relevante afsluiting of wysiging van die betrokke polis, en van enige geld beoog in artikel 8(5) van die Wet (as daar is).

4.2 'n Versekeraar moet verseker dat minstens die volgende openbaarmakings aan die polishouer gedoen word, so spoedig doenlik nadat 'n versekeringstransaksie geïnisieer is:

- (a) die Statutêre Kennisgewing soos beoog in Deel VII moet gegee word sonder enige wysiging behalwe vir besonderhede wat verskaf word ingevolge die Statutêre Kennisgewing; in gevalle waar 'n onafhanklike tussenganger nie by die versekeringstransaksie betrokke is nie;

- (b) volle geregistreerde naam en verkorte naam, pos- en fisiese adresse van die hoofkantore en uitreikingskantore, telefoniese en elektroniese toegangsnummers en kommunikasiebesonderhede van diensdepartemente;
- (c) die naam en kontakbesonderhede van die voldoeningsdepartement van die versekeraar en besonderhede van prosedures (as daar is) vir die beslegting van klagtes deur polishouers, insluitend klagtes ten opsigte van betrokke onafhanklike tussengangers of verteenwoordigers;
- (d) eisaanmeldingsprosedures;
- (e) naam, klas of tipe van betrokke polis;
- (f) aard en omvang van geldelike verpligtinge deur die polishouer aanvaar, wyse van betaling van premies, betaaldatum vir die betaling van premies en die gevolge van nie-betaling van sodanige premies.

4.3 Met betrekking tot die wysiging van 'n polis, moet die versekeraar verseker dat minstens die volgende openbaarmakings aan die polishouer gedoen word, so gou moontlik voor die wysiging van die polis:

- (a) naam, klas of tipe van betrokke polis;
- (b) aard van indemnifisering (voordele) vir die polishouer, wyse van ontlening of verkryging daarvan, en wyse van betaling of verskaffing van indemnifisering (voordele), na gelang van die geval;
- (c) aard en omvang van geldelike verpligtinge aanvaar deur die polishouer, wyse van voldoening daaraan en gevolge van nie-voldoening; en
- (d) beladings, bybetalings betaalbaar, uitsluitings of ander besondere bepalinge of voorwaardes.

Ander openbaarmakings

5.1 Die bepalings van hierdie Deel word nie uitgelê as sou dit 'n betrokke versekeringsparty in enige besondere geval verhinder om ander of bykomende openbaarmakings aan 'n polishouer voor die effektiewe datum te doen nie, waar sodanige openbaarmakings die beter bereiking van die oogmerke van hierdie Reëls sal bevorder en nodig of dienstig geag word onder die omstandighede van die betrokke geval, of om aan enige ander kode van bepalings oor besigheidgedrag wat wettiglik op enige sodanige party van toepassing is, te voldoen.

5.2 Enige daaropvolgende veranderinge aan inligting bedoel in Reëls 4.1(b) en 4.2 (b), moet skriftelik aan die polishouer bekend gemaak word.

Gestandaardiseerde openbaarmakings

6. 'n Versekeraar, of enige onafhanklike tussenganger met die instemming van die versekeraar kan, sonder afbreuk aan die bepalings van Reëls 3 en 4, gestandaardiseerde openbaarmakingsdokumentasie opstel ten opsigte van enige besondere klas of tipe polis of versekeringstransaksie, om gebruik te word met die doel om aan die bepalings van hierdie Deel te voldoen: Met dien verstande dat -

- (a) sodanige dokumentasie geldig is op die betrokke effektiewe datum; en
- (b) sodanige gebruik nie enige betrokke versekeringsparty onthef van voldoening aan enige openbaarmakingsvereiste van hierdie Deel wat nie, of nie volledig, in sodanige dokumentasie aangespreek word nie.

Gevolge van nie-voldoening

7.1 Waar 'n polishouer van oordeel is dat 'n bepaling van hierdie Deel oortree is of nie aan voldoen is nie deur enige versekeringsparty betrokke by 'n polis deur hom of haar gehou, kan sodanige polishouer 'n skriftelike klagte by die betrokke versekeringsparty indien en, indien so 'n klagte nie tot bevrediging van die polishouer opgelos word nie, by die Registrateur: Met dien verstande dat die voorgaande bepalings van hierdie subreël met die nodige veranderinge ook van

toepassing is op enige versekeraar, onafhanklike tussenganger of enige ander belanghebbende lid van die publiek wie of wat van oordeel is dat enige bepaling van hierdie Deel in verband met enige polis en in enige bepaalde geval oortree is of nie aan voldoen is nie.

7.2 Die Registrateur moet, by ontvangs van enige sodanige klagte, die betrokke versekeringsparty by skriftelike kennisgewing versoek om die Registrateur binne 'n tydperk deur die Registrateur bepaal, te voorsien van 'n volle antwoord op die klagte.

7.3 (a) Die Registrateur kan, of 'n inspeksie uitgevoer is al dan nie, en waar 'n oortreding van hierdie Reëls tot die Registrateur se bevrediging vasgestel is, na mededeling aan die betrokke versekeringsparty of -partye van die voorneme om aldus op te tree en die verlening aan hulle van 'n redelike geleentheid om daarop te antwoord, by skriftelike kennisgewing van enige betrokke versekeringsparty vereis om besondere regstellende stappe ooreenkomstig 'n gespesifiseerde tydrooster te doen, en die Registrateur kan enige ander stap in verband met die oortreding doen wat regtens vir die Registrateur beskikbaar is.

(b) 'n Betrokke versekeringsparty aan wie 'n kennisgewing beoog in Reël 7.2 of paragraaf (a) van hierdie subreël gerig is, moet binne die tydperk in die kennisgewing deur die Registrateur bepaal, of binne enige verlengde tydperk deur die Registrateur op skriftelike aansoek van die versekeringsparty bepaal, aan die vereistes gestel in die betrokke kennisgewing voldoen.

DEEL III

REËLS OOR NIETIGE BEPALINGS EN FORMAAT

Nietige bepalings

8.1 'n Bepaling van 'n polis waarvan die effektiewe datum van die afsluiting daarvan 'n datum op of na 'n datum 90 dae na die datum bedoel in artikel 55(5) van die Wet is, is nietig in die mate waarin dit uitdruklik of by implikasie bepaal –

- (a) dat die polishouer in verband met enige eis kragtens die polis verplig mag word om 'n poligraaf-, leunverklidders- of ander waarheidsverifikasie, of enige ander soortgelyke -toets of -prosedure te ondergaan, wat voorsien of beskikbaar gestel word deur die versekeraar of enige ander persoon ingevolge 'n reëling met die versekeraar en wat afgeneem word onder beheer van die versekeraar of sodanige ander persoon;
- (b) vir 'n aanmoediging van enige aard vir 'n polishouer om vrywillig toe te stem om 'n toets of prosedure beoog in paragraaf (a) van hierdie subreël te ondergaan waar die polishouer 'n eis kragtens die polis indien;
- (c) dat waar 'n polishouer onder ander omstandighede as daardie beoog in paragraaf (b) van hierdie subreël vrywillig toestem om 'n toets of prosedure beoog in paragraaf (a) van hierdie subreël te ondergaan waar die polishouer 'n eis kragtens die polis indien, en die polishouer nie sodanige toets slaag nie, die eis gerepudieer of die polis nietig sal word bloot op grond van sodanige mislukking om die toets of prosedure te slaag;
- (d) dat in die geval van enige geskil wat uit die polis ontstaan, die geskil slegs deur middel van arbitrasie besleg kan word; en
- (e) dat 'n versekeraar 'n eis kan repudieer op grond van nie-betaling van 'n premie op die betaaldatum, indien betaling gedurende die grasietydperk bedoel in Reël 10.5 gedoen is, ongeag of die betaling voor die gebeure waaruit die eis ontstaan het, gedoen is.

8.2 Reël 8.1(d) word nie vertolk as sou dit 'n bepaling in 'n polis dat die partye, nadat 'n geskil kragtens 'n polis ontstaan het, vrywillig kan ooreenkom om die geskil na arbitrasie te verwys, ongeldig maak nie of, in die afwesigheid van so 'n bepaling, om 'n ooreenkoms te dien effekte tussen die partye ongeldig te maak nie.

Formaat van polisse

9. 'n Betrokke versekeraar moet verseker dat 'n polis waarvan die effektiewe datum van die afsluiting daarvan 'n datum op of na 'n datum 90 dae vanaf die datum bedoel in artikel 55(5) van die Wet is, slegs uitgereik word aan 'n betrokke polishouer indien die bepalings van die polis uiteengesit word, met betrekking tot uitleg, lettertipes en spasiëring, op 'n maklik leesbare wyse en indien die bewoording van elke bepaling van die polis 'n redelik duidelike vasstelbare betekenis het.

DEEL IV**ALGEMENE REËLS****Bykomende verpligtinge van versekeraars en onafhanklike tussengangers**

10.1 (a) Behoudens paragraaf (b) van hierdie subreël, moet 'n versekeraar waar 'n ooreenkoms gesluit staan te word met 'n onafhanklike tussenganger vir die lewering van dienste as onafhanklike tussenganger, die onafhanklike tussenganger voorsien van 'n skriftelike mandaat of gesag om namens die versekeraar op te tree, wat die bepalings en voorwaardes van so 'n mandaat of gesag uiteensit.

(b) 'n Versekeraar moet in die geval van 'n ooreenkoms beoog in paragraaf (a) van hierdie subreël wat onmiddellik voor die datum beoog in artikel 55(5) van die Wet bestaan, en wat nie 'n skriftelike mandaat of gesag beoog in paragraaf (a) van hierdie subreël bevat nie, so 'n onafhanklike tussenganger binne 30 dae van sodanige datum van so 'n skriftelike mandaat of gesag voorsien.

10.2 'n Betrokke versekeringsparty -

(a) moet verseker dat enige debietorder wat deur 'n polishouer op of na 'n datum 30 dae na die datum bedoel in artikel 55(5) van die Wet onderteken moet word vir die betaling van enige premies aan so 'n party, nie opgestel word ten gunste van enige ander persoon (hetsy gesamentlik met die betrokke versekeringsparty of as 'n alternatief) as so 'n eersgenoemde party nie; en

- (b) mag nie enige debietorder onderteken deur 'n polishouer eensydig beëindig sonder om die polishouer vooraf minstens 30 dae voor die effektiewe datum van so 'n beoogde beëindiging skriftelik in kennis te stel van die voorneme om aldus die debietorder te beëindig nie.

10.3 (a) 'n Versekeraar mag nie 'n polis eensydig beëindig sonder om kennis te gee soos uiteengesit in paragraaf (b) van hierdie subreël nie.

- (b) Die versekeraar kan kennis gee of –
- (i) regstreeks aan die polishouer; of
 - (ii) deur sigself tevrede te stel dat kennis aan die polishouer deur die onafhanklike tussenganger gegee is; of
 - (iii) indien (i) of (ii) nie moontlik is nie, by publikasie van sodanige kennisgewing in twee uitgawes van 'n nuusblad wat sirkuleer in alle gebiede waar dit redelikerwys geglo word die polishouers woonagtig is; 'n kopie van sodanige kennisgewing moet voor publikasie na die Registrateur deurgestuur word.

10.4 'n Versekeraar moet verseker dat waar enige besluit geneem is oor die repudiering van enige eis kragtens 'n polis, of met betrekking tot die omvang van 'n eis in geskil, die betrokke polishouer skriftelik ingelig word oor die redes vir die besluit en dat die polishouer binne 'n tydperk van minstens 90 dae na die datum van die betrokke besluit vertoë kan rig aan die betrokke versekeraar oor so 'n besluit. Bedoelde 90 dae mag nie ingesluit word in enige tydsbeperkende tydperk vervat in die polis vir die instel van regsverrigtinge nie.

10.5 'n Versekeraar moet verseker dat 'n polis wat afgesluit staan te word op of na 'n datum 90 dae na die datum bedoel in artikel 55(5) van die Wet, 'n bepaling oor 'n grasietydperk vir die betalings van premies van nie minder nie as 15 dae na die betrokke betaaldatum bevat. Met dien verstande dat in die geval van 'n maandelikse polis, so 'n bepaling van toepassing moet wees met ingang van die tweede maand van die geldigheidsduur van die polis.

- 10.6 Die praktyk van ondertekening van oningevulde of gedeeltelik ingevulde vorms deur 'n polishouer, waarby iemand anders in 'n latere stadium die besonderhede invul, is kragtens hierdie Reëls 'n misdryf deur die betrokke versekeringsparty.

Beëindiging en verandering van sekere ooreenkomste en verhoudinge

- 11.1 Geen beëindiging van enige ooreenkoms beoog in Reël 10.1(a) and (b) tussen enige versekeraar en 'n onafhanklike tussenganger, ongeag of wedersyds op die beëindiging besluit is al dan nie, of deur een party by kennisgewing aan die ander bewerkstellig word, is geldig nie tensy -

- (a) alle polishouers wat steeds geldende polisse hou wat afgesluit is deur daardie versekeraar deur bemiddeling van daardie onafhanklike tussenganger vooraf ingelig is van die beëindiging ooreenkomstig Reël 10.3(b), deur of die versekeraar of die onafhanklike tussenganger of deur beide; en
- (b) beide sodanige versekeringspartye vooraf tevrede is dat alle redelike stappe gedoen is vir sodanige inligting om alle sodanige polishouers te bereik.

- 11.2 Die bepalings van Reël 11.1 is, met die nodige veranderinge, van toepassing op enige verandering wat plaasvind in die status of verhouding, of gesag of mandaat, van enige onafhanklike tussenganger, beoog in Reël 4.1(c).

Rekords, moniteringstelsels en jaarlikse verslae

- 12.1 (a) 'n Betrokke versekeringsparty moet verseker dat rekords gehou word van alle openbaarmakings gedoen, met inbegrip van die wyse van openbaarmaking, ten opsigte van die afsluiting of wysiging van enige besondere polis. Hierdie rekords moet beskikbaar gehou word vir inspeksie deur die Registrateur vir 'n tydperk van minstens drie jaar.
- (b) Kopieë van sodanige openbaarmakingsdokumente moet aan die polishouer verskaf word.

- (c) Dit word nie van die betrokke versekeringspartye vereis om die openbaarmakingsdokumente self te hou nie maar hulle moet verseker dat dit vir inspeksie beskikbaar is binne 7 dae van die Registrateur se versoek.

12.2 Versekeraars en onafhanklike tussengangers, soos toepaslik, moet binne 6 maande na die datum van inwerkingtreding van hierdie Reëls verseker dat hulle voorsiening maak:

- (a) vir moniteringstelses om vas te stel of daar voldoen word aan hierdie Reëls;
- (b) waar nodig, vir inligting of opleidingskursusse vir persone in diens geneem of gekontrakteeer vir sodanige besigheid, ten opsigte van die implementering deur hulle van hierdie Reëls;
- (c) vir die akkreditering van onafhanklike tussengangers, binne 6 maande nadat so 'n persoon aktief geword het, van die betrokke kennis, bevoegdheid en vaardigheid van sodanige persone in die produkte wat hulle bemark; en
- (d) vir die deurlopende aantekening van die kennis, bevoegdheid en vaardigheid van geakkrediteerde persone.

12.3 Elke versekeraar moet, binne 'n tydperk van vier maande na die einde van elke finansiële jaar van die versekeraar, 'n skriftelike verslag by die Registrateur indien ten opsigte van die tydperk van elke sodanige finansiële jaar, oor -

- (a) alle stappe deur die versekeraar gedoen om voldoening aan die bepalings van hierdie Reëls te verseker, en die redes vir enige nie-voldoening wat mag voorgekom het;
- (b) probleme ondervind deur die versekeraar en enige van sy verteenwoordigers met die uitleg of implementering van hierdie Reëls, en voorstelle of aanbevelings vir verbeterings of ander wysigings; en

- (c) volle besonderhede van enige klagtes ontvang deur die versekeraar in verband met die implementering van hierdie Reëls, en van alle stappe in verband daarmee gedoen.

Besondere pligte van Registrateur

13. Die Registrateur -

- (a) kan enige stap doen wat nodig of dienstig geag word om polishouers en die publiek in die algemeen in te lig oor die bestaan, omvang en betekenis van hierdie Reëls en van beskikbare kanale of meganismes vir die indiening van klagtes;
- (b) moet verseker dat kopieë van hierdie Reëls en van enige riglyne bedoel in paragraaf (c) van hierdie Reël gereedlik beskikbaar is by die kantoor van die Registrateur vir verspreiding op versoek van enige persoon teen 'n redelike geld bepaal op 'n nie-wins grondslag deur die Registrateur om kostes en uitgawes te dek;
- (c) kan van tyd tot tyd, met die instemming van die Advieskomitee, nie-bindende -
 - (i) riglyne uitreik oor die uitleg en implementering van hierdie Reëls; en
 - (ii) direkteuwe uitreik vir beste gedrag vir onafhanklike tussengangers en verteenwoordigers; en
- (d) moet -
 - (i) jaarliks 'n voldoeningsoorsig opstel wat die effek van verslae bedoel in Reël 12.3 opsom en advies bevat wat nodig of dienstig geag word in verband met die bereiking van die oogmerke van hierdie Reëls, met inbegrip van aanbevelings oor die wysiging van hierdie Reëls of van

die Wet, insluitend advies wat nie spesifiek verband hou met sodanige verslae nie; en

- (ii) sodanige voldoeningsoorsig aan die Advieskomitee vir oorweging voorlê.

Afstanddoening van regte

14. Geen afstanddoening deur enige polishouer van enige reg of voordeel verleen deur hierdie Reëls is geldig nie.

Strawwe

15. 'n Betrokke versekeringsparty wie of wat 'n bepaling van hierdie Reëls oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en strafbaar by skuldigbevinding met 'n straf of boete bedoel in artikel 64(1)(c) of 65(1)(c), na gelang van die geval, van die Wet.

DEEL V**16. BEPAALDE REËLS MET BETREKKING TOT LLOYD'S**

- 16.1 By die toepassing van hierdie Reëls word 'n ope mark korrespondent van Lloyd's beskou as 'n onafhanklike tussenganger en moet daarom voldoen aan die vereistes van die Reëls vir sover hulle betrekking het op onafhanklike tussengangers. Dekkingshouers van Lloyd's word beskou as artikel 48(2)-tussengangers en moet aan die reëls voldoen vir sover hulle betrekking het op versekeraars.

DEEL VI**17. BESONDERE BEPALINGS MET BETREKKING TOT BEMARKING VAN PRODUKTE REGSTREEKS AAN DIE PUBLIEK****17.1 Telefoonverkope**

Televerkope-personeel moet aan die polishouer bekend maak dat hulle kommissie ontvang en die bedrag daarvan.

- 17.1.1 By die toepassing van hierdie Deel, hoef die volgorde van Reël 4.1 en 4.2 nie gevolg te word in die volgorde voorgehou in die Reëls nie. Die volgorde kan verander word mits alle openbaarmakings aan die voornemende polishouer gedoen word voordat die telefooninteraksie tot 'n einde kom. Dit is 'n vereiste dat die oproep stemopnemend moet wees, en dat volle openbaarmaking skriftelik aan die polishouer gedoen moet word na die televerkoop. Die versekeraar of tussenganger moet in staat wees om 'n kopie van die stemopname te kan verskaf.

17.1.2 Die bepalings van Reël 4.(2)(c) hoef slegs aan die polishouer verskaf te word in die skriftelike openbaarmakings wat na die verkoop aan die polishouer verskaf word. Dit is voldoende om in die loop van die transaksie aan te dui dat die versekeraar oor 'n voldoeningsdepartement beskik en om basiese kontakbesonderhede soos telefoonnommer en adres te verskaf. Die regstreekse bemerkers is nie verplig om die Statutêre Kennisgewing te gee nie indien al die openbaarmakings in die kennisgewing beoog in die loop van die transaksie gedoen word en skriftelik of met 'n stemopname aangeteken word. Die vereistes van Reël 4.2(b) hoef nie ten volle openbaar gemaak te word nie maar moet na die verkoop skriftelik aan die polishouer bevestig word.

17.1.3 Waar gebruik gemaak word van 'n handelsinligtingsadvertensie, kan openbaarmaking in die advertensie gedoen word. By die toepassing van hierdie paragraaf word handelsinligtingsadvertensie omskryf om die volgende te beteken:

"'n Handelsinligtingsadvertensie beteken reklamemateriaal van langer as twee minute in duur wat uitgesaai word in visuele en/of oudioformaat. Dit word gewoonlik aangebied in 'n programformaat en bevorder die belange van 'n persoon, produk of diens. Dit behels 'n direkte aanbod aan die publiek van 'n produk of diens teen betaling, en bevat gewoonlik 'n demonstrasie van die gebruik van die betrokke produk of diens, en sluit materiaal in bekend as teleinkope, tuisinkope, regstreekse bemerking en regstreekse verkope."

17.2 By bemerking deur middel van Direkte Posbestelling, Media-Advertensies en Insetse (met aansoekvorm), is dit nie 'n vereiste om afsonderlike dokumente vir openbaarmaking ingevolge die Reëls of Statutêre Kennisgewing te laat druk nie. Dit word nie vereis om enige openbaarmakings gedoen in die teks van die aanbod in enige spesifieke openbaarmakingsaddendum of -bladsy te herhaal nie.

17.3 Media-Advertensies met inbegrip van Insetsels (sonder aansoekvorm), Flits-Televisie en Radioreklame wat ontwerp is om bewustheid aan te wakker word nie beskou as deel van die versekeringstransaksie nie en daarom word geen openbaarmaking ingevolge die Reëls beoog nie. Enige kontak deur voornemende polishouers sal van die betrokke versekeringspartye vereis om openbaarmakings ingevolge die Reëls wat van toepassing is op telefoonverkope te doen.

DEEL VII

18. STATUTêRE KENNISGEWING AAN KORTTERMYNVERSEKERING-POLISHOUERS BELANGRIK - LEES ASSEBLIEF SORGVULDIG

OPENBAARMAKINGS- EN ANDER REGSVEREISTES

(Hierdie kennisgewing vorm nie deel van die Versekeringskontrak of enige ander dokument nie)

U het as korttermynversekerings-polishouer, of voornemende polishouer, die reg tot die volgende inligting:

<p>1. Oor die tussenganger (versekeringsmakelaar)</p> <ul style="list-style-type: none"> (a) Naam, fisiese adres en posadres en telefoonnommer. (b) Regstatus en enige belang in die versekeraar. (c) In besit van professionele indenniteitsversekering of nie. (d) Besonderhede oor hoe om 'n eis in te stel. (e) Randbedrag van betaalbare fooie en kommissie. (f) Skriftelike mandaat om namens versekeraar op te tree. <p>2. Oor die versekeraar</p> <ul style="list-style-type: none"> (a) Naam, fisiese en posadres en telefoonnommers. (b) Telefoonnommer van voldoeningsdepartement van die versekeraar. (c) Besonderhede oor hoe om 'n eis en/of 'n klagte in te dien. (d) Tipe polis betrokke. (e) Omvang van premieverpligtinge wat u as polishouer onderneem. (f) Wyse van betaling van premie, betaaldatum van premies en gevolge van nie-betaling. <p>3. Ander belangrike aangeleenthede</p> <ul style="list-style-type: none"> (a) U moet ingelig word oor wesenlike veranderinge aan die inligting bedoel in paragraaf 1 en 2. (b) Indien die inligting in paragrafe 1 en 2 mondelings verskaf is, moet dit binne 30 dae skriftelik bevestig word. (c) Indien enige klagte aan die tussenganger of versekeraar nie tot u bevrediging opgelos word nie, kan u die klagte voorlê aan die 	
---	--

Registrateur van Korttermynversekering.

- (d) Poligraaf- of enige leunverklikkerstoets is nie verpligtend in die geval van 'n eis nie en mislukking daarin kan nie die enigste rede vir repudiëring van 'n eis wees nie.
- (e) Indien premies deur debietorder betaal word:
- (i) mag dit slegs ten gunste van een persoon wees en mag dit nie sonder u goedkeuring oorgedra word nie, en
 - (ii) moet die versekeraar u skriftelik in kennis stel minstens 30 dae voor die kansellering daarvan, van sy voorneme om sodanige debietorder te kanselleer.
- (f) Die versekeraar, en nie die tussenganger nie, moet redes verskaf vir die repudiëring van u eis.
- (g) U versekeraar mag nie u versekering kanselleer slegs deur u tussenganger in kennis te stel nie. Daar is 'n verpligting om seker te maak dat die kennisgewing aan u gestuur is.
- (h) U is geregtig op 'n kopie van die polis sonder enige koste.

4. Waarskuwing

Moenie enige oningevulde of gedeeltelik ingevulde vorm onderteken nie.
 Voltooi alle vorms in ink.
 Hou alle dokumente aan u gelewer.
 Hou aantekening van wat aan u gesê word.
 Moenie onder druk geplaas word om die produk te koop nie.
 Onjuistheid of nie-openbaarmaking deur u van relevante feite kan invloed uitoefen op 'n versekeraar oor u eise wat uit u versekeringskontrak ontstaan.

5. Besonderhede van Ombudsman vir Korttermynversekering wie beskikbaar is om u te adviseer in die geval van eise probleme wat nie bevredigend deur die versekeringstussenganger en/of die versekeraar opgelos word nie.

Posbus 30619
 BRAAMFONTEIN
 2017

Tel (011) 339-6525
 Faks: (011) 339-7065

6. Besonderhede van Registrateur van Korttermynversekering

Raad op Finansiële Dienste
 Posbus 35655
 MENLO PARK
 0102

Tel: (012) 428-8000
 Faks: (012) 347-0221

(U mag verlang word om 'n kopie van hierdie dokument te teken.)

DEEL VIII

TITEL

19. Titel

Hierdie Reëls heet die Reëls op Beskerming van Pollshouers (Korttermynversekering),
2001, en tree in werking op 'n datum in die Staatskoerant gepubliseer.

Dog ate your Gazette?

... read it online



www.SA Gazettes.co.za

A new information Portal keeping you up to date with news, legislation, the Parliamentary programme and which is the largest pool of SA Gazette information available on the Web.

- Easily accessible through the www!
 - Government Gazettes - from January 1993
 - Compilations of all Indexes pertaining to the past week's Government Gazettes
 - All Provincial Gazettes - from September 1995
 - Parliamentary Bills - as of January 1999
- Available in full-text, with keyword searching
- SABINET Online scans, formats, edits and organize information for you. Diagrams and forms included as images.
- No stacks of printed gazettes - all on computer. Think of the storage space you save.

For easy electronic access to full-text gazette info, subscribe to the SA Gazettes from SABINET Online. Please visit us at www.sagazettes.co.za



*Looking for back copies and out of print issues of
the Government Gazette and Provincial Gazettes?*

The National Library of SA has them!

Let us make your day with the information you need ...

National Library of SA, Pretoria Division

PO Box 397

0001 PRETORIA

Tel.:(012) 321-8931, Fax: (012) 325-5984

E-mail: infodesk@nlsa.ac.za



*Soek u ou kopieë en uit druk uitgawes van die
Staatskoerant en Provinsiale Koerante?*

Die Nasionale Biblioteek van SA het hulle!

Met ons hoef u nie te sukkel om inligting te bekom nie ...

Nasionale Biblioteek van SA, Pretoria Divisie

Posbus 397

0001 PRETORIA

Tel.:(012) 321-8931, Faks: (012) 325-5984

E-pos: infodesk@nlsa.ac.za



Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510

Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504

Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737

Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510

Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504

Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737

Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531